Onafhanklike, Afrika e inhoud in elke huis.
# Nuusweek
Pretoria FM
Nommer 85, Jaargang 2 | 25 Septembe | www.pretoriafm.co.za

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe



Die National Mall waar die 3 000 wit kruise later vandag geplant sal word. (Foto: Marie-Louise de Nysschen)

# KRUISE VANDAG IN VSA GEPLANT

"Kla Roets vir hoogverraad aan" 02
Was dit 'n reeks-moordenaar? 12
SAAI: Privatiseer OBP 13
AUS SIEN SY DOER ONDER 31

As jy dit nie kan braai nie, moet dit nie eet nie!




Theron's Gerookte Viennas, 2 x 5kg
SPESIALE AANBIEDING: R495.00
Gewone prys: R723.00 | Jy spaar: R228.00!

Theron's Bees-Sizzler-braaiwors, 2,5kg-bokse
SPESIALE AANBIEDING: R179.00/2,5KG
Gewone prys: R191.50/2,5kg | Jy spaar: R12.50!

THERON'S ECONO HANBURGER PATTIES
SPESIALE AANBIEDING: R282.00/5kg
Gewone prys: R423.50 | Jy spaar: R138.50!

THEREON'S VLEISPRODUKTE "Die In-Plek vir die GeldSlim verbruiker!" Hier kan jy GEHALTE VLEISPRODUKTE AANKOOP TEEN WARE GROOTHANDEL PRYSE! 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes - Whatsapp +27 76 077 0437

# 3 000 wit kruise vandag in Washington geplant

*Redaksie*

Lex Libertas en die New York Young Republican Club sal vandag 3 000 kruise ter nagedagtenis aan boere wat op hulle plase vermoor is op die National Mall in Washington, DC plant. Die uitvoerende voorsitter van Lex Libertas, dr. Ernst Roets, het vanuit Washington aan Nuusweek gesê dat die proses na afloop van die Witkruisprojek se konferensie by die Nasionale Persklub sal begin. Tydens dié konferensie sal aanhitsing tot geweld, plaasmoorde en raswetgewing onder meer onder die soeklig geplaas word.

Ongeveer 13:00 die middag (EDT) sal daar eers toue gespan word waarvolgens die kruise uitgelê sal word, waarna die kruise in die grond ingekap sal word. Die name van die slagoffers sal waarskynlik teen Saterdag aangebring word, waarna Roets en Marie-Louise de Nysschen, projekbestuurder van die Witkruisprojek kort toesprake sal lewer. 'n Verteenwoordiger van die Withuis sal ook die geleentheid bywoon. Die kruise sal dan tot Saterdag 17:00 (EDT) op die National Mall staan.



*Palette met van die wit kruise wat vandag in Washington geplant word. [Foto: Verskaf]*

Roets sê Lex Libertas wil met hierdie aksie oplossings of ingryping verseker. Lex Libertas wil sien dat die vervolging van haatspraak konsekwent toegepas word, raswette afgeskaal word en plaasmoorde geprioritiseer word. Volgens Roets is dit belangrik dat die prioritisering van plaasmoorde nie net lippetaal bly nie, maar ook praktiese implementering geniet. Verder wil hulle graag sien dat privaat sekuriteit dereguleer en die Onteieningswet gewysig word.

Roets sê egter dat dié punte bloot simptoomverligting is en dat die politieke stelsel in Suid-Afrika moet verander.

"Daar is te veel mag by 'n sentrale regering gesetel wat verwyder van die werklikheid en nie verantwoordbaar is nie. Ons langtermynoplossing is desentralisering en die bevordering van selfregering." **N**

## Kritiek pla Roets nie

*Redaksie*

'n Rooi kruis op sy voorkop; dreigemente van klagtes van hoogverraad; die uitlating dat as Adriaan Vlok en Eugene Terre'Blanche gehang het, dr. Ernst Roets nie nou in Washington sou wees om wit kruise te plant nie. Dit is van die uitlatings wat die afgelope week oor die uitvoerende direkteur van Lex Libertas gemaak is. Roets, wie se organisasie later vandag saam met die New York Young Republican Club 3 000 wit kruise in Washington, DC sal oprig ter nagedagtenis aan die slagoffers van plaasaanvalle, het die afgelope week onder kritiek uit linkse geledere deurgeloop.

Roets het vanuit Washington aan *Nuusweek* gesê dat hy die kritiek verwag het, maar dat hy dit steeds as onsensitief en minagtend beskou.

"Ons het 'n geldige saak. Ons wil hê die moorde moet stop. Dit is eintlik skreiend dat daar mense is wat hoor dat ons sê die moorde moet stop, maar dat hulle kwater is vir mense wat teen plaasmoorde staan as wat hulle vir die plaasmoordenaars is."


Roets sê egter dat Lex Libertas hulle nie veel aan die kritiek steur nie. Ook nie aan die dreigemente dat hy van hoogverraad aangekla behoort te word nie.




"Hoogverraad vind plaas as jy op 'n onwettige of onregmatige wyse die regering probeer omverwerp. Buitelandse steunwerwing is nie onwettig nie. Bewusmaking is nie onwettig nie. Om navorsing te publiseer, is nie onwettig nie. Om jou storie te vertel, is nie onwettig nie. Alles wat ons doen, is wettig." **N**

# Dokumentêr oor plaasmoorde in Withuis vertoon

**Redaksie**




Die Lex Libertas- dokumentêre rolprent *Crossed Out: Confronting Persecution in South Africa* is gisteraand by die Withuis vertoon as deel van die program rondom die Witkruisprojek in Washington, DC.

Volgens 'n mediaverklaring van Lex Libertas sou die vertoning 'n geslote geleentheid wees wat bygewoon word deur personeel van die Withuis en die Amerikaanse Staatsdepartement, sprekers wat aan die Witkruisprojek-konferensie deelneem, asook drie persone wat direk deur plaasaanvalle geraak is: Amanda Platt, Heidie Taljaard en Leon Lotz. Dr. Ernst Roets, uitvoerende direkteur van Lex Libertas en mede-regisseur van die dokumentêr, het voor die vertoning van die dokumentêr aan *Nuusweek* gesê dat die vertoning 'n belangrike oomblik vir die projek is.

"Een van ons sentrale doelwitte was om te verseker dat die werklikhede waarmee mense en gemeenskappe in Suid-Afrika gekonfronteer word, direk gehoor word deur mense wat in posisies is om beleid te beïnvloed. *Crossed Out* bring die getuienis, die breër politieke konteks en, die belangrikste, die ervarings van mense wat hierdie werklikhede persoonlik beleef het, bymekaar."

Die dokumentêr ondersoek die krisis in Suid-Afrika aan die hand van politieke aanhitsing, plaasaanvalle, rasgebaseerde uitsluiting en bedreigings vir eiendomsreg. Dit ondersoek ook die dieper strukturele uitdagings waarmee die land te kampe het en stel 'n saak vir oplossings gegrond op vryheid, desentralisasie en selfbestuur.

Die vertoning by die Withuis vind plaas een dag voor die Witkruisprojek-konferensie by die National Press Club. Die konferensie sal Suid-Afrikaanse en Amerikaanse sprekers, kundiges en slagoffers byeenbring om die kwessies wat deur die Witkruisprojek geopper word, asook moontlike praktiese en langtermynoplossings, te bespreek.

*Crossed Out: Confronting Persecution in South Africa* sal op Vrydag 25 September vir die publiek bekendgestel word.

Die amptelike lokprent kan hier besigtig word: Kyk hier na die Crossed Out-lokprent.



# Bozell sien hoe AfriForum plaasmoorde bekamp

*Redaksie*

L. Brent Bozell III, die Amerikaanse ambassadeur in Suid-Afrika, het die afgelope week gehoor en gesien wat AfriForum se veiligheidsplanne is.

Bozell het AfriForum se gemeenskapsveiligheidsentrum in Centurion besoek om AfriForum se gemeenskapsveiligheidstrukture en tegnologiegedrewe beheerkamers van nader te beskou en te verneem watter rol dié strukture reeds speel in die bekamping van plaasmoorde en ander misdaad in landelike en stedelike gebiede.

Volgens 'n mediaverklaring wat deur AfriForum uitgereik is, kom Bozell se besoek te midde van AfriForum se volgehoue pogings om die dispuut tussen Suid-Afrika en die VSA rakende plaasmoorde en landelike veiligheid op te los deur met praktiese voorstelle vorendag te kom. As deel van dié pogings het AfriForum onlangs 'n veiligheidsvoorstel aan die Suid-Afrikaanse regering gemaak.

Dié voorstel wys hoe gemeenskapsveiligheidstrukture, soos AfriForum se landwye netwerk van 178 buurt- en plaaswagte, binne die raamwerk van die wet en in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), privaat sekuriteitsmaatskappye en ander veiligheidsrolspelers kan optree om die land se misdaadkrisis gekoördineerd en deur 'n openbare-gemeenskap-vennootskap te takel. Volgens AfriForum is die veiligheidsplan daarop gerig om veiliger omstandighede in die land te skep sodat mense dit nie nodig ag om die land te verlaat nie.



Dr. Dirk Hermann, Kallie Kriel, Brent Bozell en Flip Buys. [Foto: Verskaf]

Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, kom die burgerregteorganisasie se voorstel aan die Suid-Afrikaanse regering op 'n tyd waar daar nog geen oplossing vir die geskil tussen die VSA en Suid-Afrika gevind kon word oor plaasmoorde, landelike veiligheid en ander misdaad nie.

"AfriForum bly daarop gefokus om, in die belang van die land en sy mense, 'n konstruktiewe rol te speel om te help om die geskil tussen die VSA en Suid-Afrika oor plaasmoorde en landelike veiligheid op te los. Indien die Suid-Afrikaanse regering positief reageer op AfriForum se voorstel vir 'n openbare-gemeenskap-vennootskap om misdaad te bekamp, sal dit die stryd teen misdaad in die belang van almal in die land versterk. AfriForum glo ook dat dit 'n positiewe bydrae sal maak om te help om Amerikaanse kommer oor plaasmoorde en ander misdaad die hoof te bied."

AfriForum se veiligheidsvoorstel aan die Suid-Afrikaanse regering sluit onder meer in die instelling van 'n staande werkkomitee tussen AfriForum en die SAPD wat daarop sal fokus om relevante veiligheidsrolspelers by 'n gekoördineerde strategie teen misdaad te betrek.

Kriel reken dat so 'n strategie sterk sal steun op die gebruik van beheerkamers soos dié van AfriForum, wat tegnologie – insluitend kameranetwerke, kommunikasiestelsels en misdaadanalisesagteware – as magvermenigvuldigers gebruik. Hierdie tegnologieë ondersteun gemeenskapsveiligheidstrukture, privaat sekuriteitsmaatskappye en die SAPD deur onder meer monitering, die koördinering van reaksies en die ontplooiing van hulpbronne tydens noodgevalle.

Ambassadeur Bozell is tydens sy besoek aan AfriForum ontvang deur Kriel en Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging. **N**



# Trump-regering wil tot 17 500 Afrikaner-vlugtelinge in VSA toelaat



*Walter Ernst*

Die Trump-administrasie beplan om in 2027 nog sowat 17 500 vlugtelinge in die VSA toe te laat, wat hoofsaaklik wit Afrikaners uit Suid-Afrika sal wees.

CBS News berig dat die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake die Kongres in kennis gestel het van die plan vir die nuwe fiskale jaar, wat in Oktober begin en 'n geraamde $500 miljoen sal beloop.

Meer as 13 000 Suid-Afrikaners was deel van die eerste groep wat in Mei 2025 in die VSA geland het. Suid-Afrika se regering het Amerika se bewerings dat Afrikaners deur rassevervolging in die gesig gestaar word, herhaaldelik verwerp.

Die VSA het verlede week nuwe visumbeperkings aangekondig wat gemik is op diegene wat betrokke is by sekere wetgewing en beleid in Suid-Afrika.

Amerika se minister van Buitelandse Sake, Marco Rubio, sê die beperkings is van toepassing op individue wat volgens die Amerikaanse regering deel is van grondbeslaglegging sonder vergoeding, rasgebaseerde diskriminasie en die aanhitsing van geweld teen rasse- en etniese minderhede.

Die VSA sê die Suid-Afrikaanse regering het versuim om toepaslik op te tree teen kommer wat die Trump-regering vroeër uitgespreek het.

Dié nuwe beleid gee die VSA 'n meganisme om visums te weier aan spesifieke individue wat betrokke is by wat die Amerikaanse regering as ongeregtighede beskou.

Die Suid-Afrikaanse regering hou vol om die VSA se standpunt oor gebeure in Suid-Afrika te verwerp.

President Cyril Ramaphosa het vroeër in reaksie hierop gesê Suid-Afrika is bereid om met die Amerikaanse regering te onderhandel om oplossings te vind vir die uitdagings wat die twee lande se bilaterale betrekkinge versuur.

Ramaphosa sê Suid-Afrika sal sy soewereiniteit verdedig terwyl hy voortgaan met gesprekke met die Trump-regering. **N**




# Dialoog oplossing vir probleme tussen Suid-Afrika en Amerika

*Seugnet van Zyl*

“Probleme tussen Suid-Afrika en Amerika kan opgelos word as mense met mekaar praat.”

Volgens Roelf Meyer, Suid-Afrika se ambassadeur in Washington, is die belangrikste stap om die bilaterale verhouding tussen Suid-Afrika en Amerika te herstel.

“Dit kan slegs deur dialoog bewerkstellig word,” sê Meyer.



Roelf Meyer ontvang Minister Ronald Lamola in Washington DC, VSA

Meyer het in ’n video, wat die afgelope week deur die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking uitgereik is, sy standpunt verduidelik nadat Marco Rubio, Amerikaanse minister van Buitelandse Sake, verlede week ’n nuwe visumbeleid ingevolge die Wet op Immigrasie en Nasionaliteit aangekondig het. Die nuwe beleid is gemik teen Suid-Afrikaners wat verantwoordelik is vir of medepligtig is aan wette of beleide wat grondonteiening sonder vergoeding, rassediskriminasie, of die aanhitsing van geweld teen etniese minderhede of rassegroepe in Suid-Afrika moontlik maak.

Meyer verduidelik dat dialoog slegs kan plaasvind as die partye mekaar as gelyke vennote aanvaar.

“Die een kan nie aan die ander voorskryf nie. Dit sal beslis dan nie die probleem oplos nie. Ek dink alle lande in die wêreld het daardie uitdaging en dit spruit waarskynlik daaruit dat ons aan ’n ander manier van kommunikasie as vantevore blootgestel is.”

Hy verwys na sy eie ervaring as destydse hoofonderhandelaar van die Nasionale Party (tydens die onderhandelings om ’n einde aan apartheid te maak) dat daar eens ’n “baie maklike kommunikasielyn deur formele kanale was”.

“Nou is die kanale nie gereguleer nie. Elkeen praat vir hulleself en dit bring verskeie uitdagings mee. Dit beteken ook dat leiers van lande nie hulle boodskappe op so ’n manier kan oordra dat dit ’n betroubare kommunikasiebron is nie. Dit is ’n moeilike taak waar ons na ons kommunikasievermoë moet kyk en ook moet aanpas om hierdie boodskappe te kan oordra.”

Meyer wonder of sy geboorteland op die korrekte en gepaste wyse kommunikeer om ons boodskap oor te dra.

“Ons weet daar is misverstande en wanvoorstellings in die Suid-Afrikaanse konteks van hoe ons die raamwerk van ons Grondwet sien en dit toepas én dat Suid-Afrika ’n konstitusionele demokrasie is. Daar is baie wanvoorstellings in hierdie verband, soos dat die regering geweld aanhits, met inbegrip van die sogenaamde volksmoord. Ons weet dis nie waar nie, maar dis die narratief wat deur sommiges aan die wêreld oorvertel word. Ons moet dit teenwerk en maniere vind om die ware storie te vertel.”


Ronald Lamola, minister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking, het die week die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering in New York gelei, waar wêreldleiers en senior amptenare byeengekom het. Hy is in Washington deur Meyer verwelkom.

Volgens Lamola het die verhouding tussen Suid-Afrika en die Verenigde State ’n kritieke laagtepunt bereik, en hy het sy kommer uitgespreek dat Suid-Afrika sy soewereiniteit sal moet prysgee om die verhouding tussen die twee lande te herstel.

Lamola sê die kwessies soos rassediskriminasie en onteiening sonder vergoeding waaroor Amerika sy kommer uitgespreek het, is deel van die Suid-Afrikaanse regering se soewereiniteit.

Hy meen die regering en die Suid-Afrikaanse publiek en instansies is in staat om dié kwessies, sowel as die land se buitelandse beleid, self te hanteer.






+27 87 654 8705 | info@everestwealth.co.za | everestwealth.co.za

Everest Wealth Management (Pty) Ltd registration number 2002/004025/07, an Authorised Financial Services Provider FSP 795 CAT I , II & IIA and a registered credit provider NCRCP 21504.

# Suid-Afrika is onredbaar maar gemeenskappe kan self

*Redaksie*

Die gebrek aan 'n politieke wil om probleme in die polisie en ander sektore van die staat reg te ruk, het 'n klimaat geskep waarin gemeenskappe self oplossings vir hulle uitdagings gaan moet vind.

Dit was een van die gevolgtrekkings tydens 'n gesprek van die Pretoria Sakekamer die afgelope week. Die gesprek getiteld Wanneer die strafregstelsel faal, watter alternatiewe het sakelui? het ondersoek ingestel na die remedies wat sakelui tot hulle beskikking het wanneer die reg nie meer sy gang gaan nie.



James Kemp in gesprek met prof Koos Malan en prof Willem Gravett. [Foto: Christo Bester]

Een van die sprekers, prof Willem Gravett, departementshoof van Publiek- en Prosesreg in die Fakulteit Regsgeleerdheid, sê die getuienis wat tans voor die Madlanga-kommissie gelewer word, dui daarop dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) te ver heen is om in sy huidige formaat gerehabiliteer te word. Gravett sê dit kan eerder aan 'n gebrek aan politieke wil as swak polisiëring toegeskryf word.

*Dit konfronteer ons met die realiteit – so lyk Suid-Afrika.*

Gravett het op statistiek van die Wêreldbank gewys wat daarop dui dat misdaad, soos korrupsie, Suid-Afrika ongeveer 10% van sy BBP kos – meer as wat aan gesondheidsorg bestee word. Die Wêreldbank reken verder dat Suid-Afrika se ekonomiese groeikoers van 2015 tot 2019 tussen 0,7% en 1,3% hoër kon gewees het, was dit nie vir misdaad nie. Gravett het ook daarop gewys dat slegs vier staatskapingsverwante sake wat uit die Zondo-kommissie gespruit het, afgehandel is.

Prof Koos Malan, 'n genoot aan Sakeliga se Sentrum vir Konstitusionele Dinamika, sê kommissies (soos die Zondo-kommissie van ondersoek na staatskaping) is vir 'n politieke rede van groot waarde.

"Dit bied 'n notule van die aard van die Suid-Afrikaanse staat. Dit konfronteer ons met die realiteit – so lyk Suid-Afrika."

Malan sê die staat speel 'n afnemende rol in die handhawing van orde terwyl die privaat sektor toenemend daardie rol vertolk, met georganiseerde misdaad wat ontwrigtend teenoor die handhawing van wet en orde optree. Volgens Malan word hier egter met 'n mislukkende staat gewerk en nie 'n mislukkende gemeenskap nie. Hy sê verder dat die "mankolieke staat wat die ANC tot stand bring" bepaalde voordele inhou, onder meer dat Suid-Afrika nie in 'n "kommunistiese Oos-Duitsland" sal ontaard nie.

*Jy gaan nie Suid-Afrika red nie. Suid-Afrika is onredbaar.*

"Kommunistiese Oos-Duitsland was boos en doeltreffend. Die Suid-Afrikaanse regering is boos en ondoeltreffend."

Malan sê te midde van die Suid-Afrikaanse regering se onvermoë om gemeenskappe van veiligheid of elektrisiteitsvoorsiening te verseker, gaan gemeenskappe 'n alternatiewe of nuwe regering vorm.

"Jy gaan nie Suid-Afrika red nie. Suid-Afrika is onredbaar." **N**



# Bon Apetit met Theron's Meat!

DEUR SONJA-LIEZEL THERON
'N VIERING VAN VLEIS, VURE EN SUID-AFRIKAANSE SAMESYN

By Theron's Vleisprodukte is daar altyd geurige braaiprodukte teen billike pryse beskikbaar. Nog meer: vriendelike personeel staan gereed om jou met raad en daad by te staan, sodat elke braaigeleentheid in 'n feesgeleentheid kan verander.

**Wanneer die kole rooi gloei, word braai meer as kosmaak - dit word erfenis, kuier en karakter.** Theron's Vleisprodukte wys hoe 'n eenvoudige vuur in 'n volbloed fees kan verander as die laaste Erfenisdag-kole nog gloei en die lente haar kleur oor die landskap oopvou, bly een ding seker: Suid-Afrika braai. Van agterplaasvure tot feestelike familietafels het die braai lankal meer as net aandete geword - dit is 'n ritueel, 'n kuierplek en 'n taal wat elke smulpaap verstaan.

**Dit is dus gepas om by Theron's Vleisprodukte, die boereworskonings van Pretoria, aan te klop en te gesels oor die "Franse flair" wat deesdae om braaivleisvure hang.** Braai het 'n versamelnaam geword: daar sal altyd manne wees wat 'n dik biefstuk uitkies, hul gunsteling-boerewors oor die kole gooi, 'n bier oopknak en heerlik in die kampstoel wegsak totdat die kole presies reg is.

"Jy kom nie tussen 'n ware man en sy dop, tjop of boerewors nie!"

Dan is daar diegene wat van braai 'n ware okkasie maak. In my geestesoog sien ek iemand soos Nataniel: wit, gestyfde katoen-tafeldoeke, gestroopte dekor en 'n biefstuksnit wat soos kuns op 'n wit bord "geskilder" word saam met groente en bykosse. Alles oor 'n oop vuur gebraai, maar met Franse flair opgedien. My gedagtes dwaal na Reuben Riffel en die dag toe ek in sy huis 'n kookkuns-klas bygewoon het. Die geselskap was maar styf. Toe dit tyd vir 'n blaaskans word, het ek koers gekies na buite by die swembad en in die sonnetjie gaan staan.

Reuben het na 'n ruk ook uitgestap, die sweet van sy voorkop afgevee en vir 'n werknemer, wat haastig vars kruie uit die tuin aangedra het, gese: "Ek sou nou veel eerder wou braai:' Ek het uitgebars van die lag. Reuben het eers half senuweeagtig gelyk, maar toe saam gelag. Dit was duidelik dat die "girl" 'n boervrou sonder fieterjasies was - en sommer dadelik was daar 'n verstaan tussen ons.

Daardie verstaan is geskoei op dit wat Suid-Afrika 'n uitsonderlike land maak. Ek se dit nie ligtelik nie: vele wereldreise leer jou die waarde van jou eie land. Op die oog af lyk ons soos 'n mengelmoes van mense, kulture, tale en geloofsoortuigings. Maar een ding staan soos 'n paal bo water: ons is sterk, aanpasbaar, veelsydig, gelowig en 'n uiters akkommoderende, vriendelike nasie.

Dit is die erfenis wat ons by Theron's Vleisprodukte elke dag vier - nie net op 24 September nie.



## Mevrou T se wenke vir braaiplesier

**Nooi lekker mense.** Die lewe is te kort vir Suur-Sannies en Grommerige -Gertjies.

**VIR DIE GASVROU - Hou dit gemaklik.**
Trek `n vrolike vloeiende rok aan en loop sommer kaalvoet – net nie naby die vuur nie.

**Skep atmosfeer.** Speel gawe musiek en kuier sommer so wals-wals deur die huis.

**Bou jou spyskaart rondom gehalte-vleis.** Theron's se wye verskeidenheid maak dit maklik- en geen braai is volledig sonder hul beroemde boerewors nie.

**Dink aan die kinders.** Maak gebruik van Theron`s se geurige baconworsies wat vining oor die kole braai. Berei weense worsies toegerol in streepspek oor die vuur voor. Dit bly maar `n wenner! Moenie vergeet van `n gewilde Hamburger Braai en Bou nie. Theron`s se 100% suiwer beesvleis-hamburgerpatties hou die kleinspan en tieners gelukkig

**Moenie die vleisgeur verloor nie.** Waak daarteen om vleis in marinade te verdrink of toe te gooi met speserye. GEHALTE VLEIS lief `n gehalte braaispesery en `n knippie sout om breëbors te staan. `n Biefstuk wat soos botter-in-die-mond sal smelt! .



Kontak Theron's vandag nog by 012 327 3938 / 3939
Volg Theron's Vleisprodukte op Facebook of Instagram by
Theron's Meat Products | MeatTheronsMeat


# Oudskoolhoof: Aantygings het blywende skade gelaat

*Walter Ernst*

"Wanneer vals bewerings deur die media of op sosiale media herhaal word, kan dit reputasies, loopbane en lewens vernietig."

Só sê die voormalige hoof van Bergview College in Matatiele in die Oos-Kaap, Jaco Pieterse, in reaksie op die aankondiging deur AfriForum se privaat vervolgingseenheid dat hulle, onder leiding van adv. Gerrie Nel, strafregtelike klagte van naamskending teen die ANC se sekretaris-generaal, Fikile Mbalula, aanhangig gaan maak.

Dié geskil spruit uit uitlatings wat Mbalula op 1 April 2025 gemaak het ná 'n ANC-vergadering. Mbalula het Pieterse as 'n "dier" beskryf en gesê dat AfriForum 'n dier beskerm. Tydens hierdie vergadering het Mbalula onder meer gesê dat dit skandelik is dat organisasies soos AfriForum betrokke is en verdagtes beskerm eerder as om vir geregtigheid te staan. AfriForum voer aan dat die aantygings heeltemal ongegrond is. Benewens Mbalula staar die Oos-Kaapse LUR vir Onderwys, Fundile Gade, asook die leier van die EFF, Julius Malema, soortgelyke regstappe in die gesig nadat Pieterse vroeër vanjaar klagte teen hulle aanhangig gemaak het.


Adv. Gerrie Nel

Pieterse sê dat dié ongetoetste bewerings 'n ingrypende invloed op sy lewe gehad het.

"In my geval het die bewerings nie net my loopbaan beëindig nie, my vrou moes ook haar onderneming sluit. Die verklarings wat in die media gemaak is, het ernstige en blywende skade aan my reputasie, my gesin en ons vriende veroorsaak," sê Pieterse.

Nel het aangevoer dat Pieterse se gevoel dat sy waardigheid aangetas is, nie onderskat kan word nie. "Die omstandighede is veral verdoemend aangesien Pieterse in die openbaar verbind is met die beweerde verkragting van 'n sewejarige kind, ten spyte daarvan dat hy nooit eens 'n verdagte was nie en die daaropvolgende bevestiging deur die NVG dat daar geen bewyse is dat die kind verkrag is nie."

"Of jy 'n politikus, skoolhoof of lid van die publiek is, 'n valse openbare beskuldiging kan diepe angs, vrees, frustrasie en vernedering veroorsaak. Politici verwag ook dat hulle waardigheid beskerm sal word en hulle ly dieselfde ernstige gevolge wanneer hulle valslik in die openbaar beskuldig word," sê Pieterse.

Pieterse sê hy hoop dat hierdie saak 'n sterk boodskap stuur dat roekelose en valse openbare verklarings – wat ander persone se waardigheid kan skaad – ernstige regsgevolge kan hê.

Volgens hom sou hy as gewone burger magteloos gewees het teen invloedryke politieke figure op te staan, en daarin is AfriForum se hulp van onskatbare waarde.






Pretoria FM

Telkom
RADIO
AWARDS

Stem vir
**Pretoria**FM
en staan 'n kans om
**R40 000**
te wen

Stem by
www.radioawards.co.za
en klik op
MyStation Competition

# Polisie sal nie rus tot waarheid oor moorde ontbloot is

*Seugnet van Zyl*




Agt van die nege vroue wat onlangs aan die Oos-Rand vermoor is, is intussen geïdentifiseer. Sewe name is bekendgemaak, een word nog weerhou tot die naasbestaandes in kennis gestel is. Drie mense, waaronder twee vroue, is gearresteer.

Die moorde het landwyd en internasionaal opslae gemaak. Die Verenigde Nasies (VN) het dit veroordeel en pres. Cyril Ramaphosa het die moorde as ’n nasionale krisis verklaar.

Ná die laaste slagoffer se lyk op 15 September in Dawn Park gevind is en die moorde pal in die nuus was, het dit skielik stil geword.

Prof. Christiaan Bezuidenhout, kriminoloog aan die Universiteit van Pretoria, hou vol dat daar nie met sekerheid gesê kan word of dié vroue deur ’n reeksmoordenaar vermoor is nie. Hy gee toe dat sekere eienskappe wat partykeer in reeksmoorde gesien word ook by sommige van hierdie liggame teenwoordig is, maar hou voet by stuk dat dit nie genoeg beslissende feite is om al hierdie moorde aan een reeksmoordenaar toe te skryf nie.

Bezuidenhout benadruk weer dat daar eers bevestig kan word of ’n reeksmoordenaar die vroue vermoor het wanneer die polisie dit bo redelike twyfel kan bewys en elke moord aan die persoon kan koppel met waterdigte bewyse soos DNS.

Hy sê dat daar dalk in die nabye toekoms van die liggame aan een persoon gekoppel word, maar sover is verskeie persone gearresteer en aan twee van die liggame gekoppel.

“Omdat ons moordsyfer so hoog is, moet ons versigtig wees om dit te vinnig aan ’n reeksmoordenaar toe te skryf. Daar word gemiddeld 60 mense per dag in Suid-Afrika vermoor, en ses tot elf van hierdie slagoffers is vroue.”

Bezuidenhout verduidelik dat hierdie moorde a-tipiese moorde is. Hierdie moorde gaan met emosie en sensasie gepaard.

“Emosionele reaksie word dikwels gekoppel aan hierdie tipe moorde. Wat gaan die polisie doen? Is ons veilig? Daar is baie veranderlikes wat in ag geneem moet word om sodoende korrelasies tussen die moorde te kan tref. Die mens se brein is geprogrammeer om eenvoudige oplossings te vind vir komplekse situasies. Mense het instinktief ’n natuurlike behoefte aan eenvoudige oplossings vir ingewikkelde gebeure. Eenvoudige antwoorde en voorgestelde menings of oortuigings bied vir ons ’n gevoel van beheer en vrede. Ongelukkig is daar in komplekse sake soos hierdie soveel veranderlikes wat met elke liggaam in gedagte gehou moet word. Dis wat die ondersoeke onmenslik moeilik maak.”

Ofskoon ons polisie gebuk gaan onder verskeie uitdagings, waaronder personeeltekorte, glo Bezuidenhout die polisie in Suid-Afrika is gerat om reeksmoorde op te los.

“As ’n reël los ons polisie hierdie tipe moorde redelik vinnig op.”

Syfers wissel, maar lande soos Suid-Afrika, Amerika, Brittanje, Australië en Rusland is van die lande ter wêreld waar die meeste reeksmoorde gepleeg word.

Lt.genl. Tebello Mosikili, waarnemende nasionale adjunkpolisiekommissaris, sê dis net ’n kwessie van tyd voordat die polisie diegene verantwoordelik vir die aanvalle en moorde op die vroue sal aankeer.

Mosikili sê die ondersoek sal nie aangejaag word bloot sodat arrestasies gemaak kan word nie.

“Ons is dit aan die slagoffers en hul families verskuldig. Ons is dit aan hulle verskuldig om die waarheid uit te vind. Ons is dit aan hul families verskuldig om geregtigheid te laat seëvier. En ons skuld dit aan elke vrou en meisie in hierdie land om alles in ons vermoë te doen om hulle teen geweld te beskerm. Die multidissiplinêre span wat aangestel is om dié moorde te ondersoek, is met ervare speurders, spesialiste en ander misdaadkundiges versterk. Ons sal nie rus nie.”

**Die slagoffers:**

1. Busisiwe Mahlangu is op 15 Julie 2026 in Kempton Park gevind.
2. Itumeleng Kekana is op 3 Augustus in Kempton Park gevind.
3. Nomfesane Mjobo is op 26 Augustus in Kempton Park gevind.
4. Op 7 September is ’n onbekende vrou se liggaam in die Clayville-rivier naby Olifantsfontein gevind.
5. Gracious Nkomo is op 10 September in Kempton Park gevind.
6. Elizabeth Moselakgomo is twee dae later op 12 September ook in Kempton Park gevind.
7. Skaars twee dae later op 14 September later is nog ’n vrou, wie se naam nog nie bekend gemaak kan word nie totdat haar familie van haar dood ingelig is, in Olifantsfontein gevind.
8. Dineo Motapane is ’n dag later op 15 September in Kwa-Thema naby Springs gevind.
9. Jabulile Ntimba is op 17 September in Dawn Park gevind.

# Saai: Privatiseer Onderstepoort Biologiese Produkte

**Redaksie**

Saai het 'n beroep gedoen vir 'n ondersoek na die rol van Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) in, soos hulle dit stel, die manipulering van entstofpryse, verkryging en produksiekapasiteit, en die uitwerking wat dit gehad het op Suid-Afrikaanse veeboere en die land se vermoë om bek-en-klouseer (BKS) te bekamp.

Die ondersoek moet ook die halfmiljard rand insluit wat by OBP verdwyn het, asook OBP se geskiktheid om voort te gaan om entstowwe te vervaardig en om dit in te voer, te hanteer, te berg en te versprei. Saai sê boere wil weet of OBP onreëlmatige winste uit ander staatsinstellings gemaak het met die verspreiding van BKS-entstowwe.

Die beroep volg op beriggewing deur African Farming oor die voorkomende skorsing van OBP se waarnemende uitvoerende hoof, dr. Jacob Modumo, hangende 'n ondersoek na beweerde ongerymdhede rakende die prysbepaling van BKS-entstowwe. Saai sê hulle aanvaar dat die berigte oor sy skorsing nie op 'n bevinding van enige oortreding neerkom nie en dat alle bewerings deur behoorlike regsprosesse getoets moet word.

Die berig verwys ook na inligting wat aan die parlement voorgelê is en waarvolgens ingevoerde entstowwe gedurende die laaste kwartaal van die 2025/26-boekjaar ongeveer 94% van OBP se plaaslike verkope uitgemaak het. Volgens Saai laat dit vrae ontstaan oor die verskille tussen pryse wat volgens berigte aan minstens een provinsiale regering gehef is en pryse waarteen entstowwe deur private verkrygingskanale beskikbaar was.

Saai is ook bekommerd oor berigte wat vrae laat ontstaan oor OBP se langtermynproduksiekapasiteit en die vordering met sy moderniseringsprojek vir Goeie Vervaardigingspraktyke (GMP). Dr. Theo de Jager, uitvoerende direksie-


Dr. Theo de Jager


voorsitter van Saai, sê uit die boer se oogpunt is OBP nie naastenby meer die instelling waarvoor dit oorspronklik tot stand gebring is nie en laat dit die landbougemeenskap in die steek.

"Dit sal soveel kos om die instelling weer op dreef te kry, en die risiko is so groot dat OBP bloot weer onder die las van 'n korrupte politieke omgewing van kaderontplooiing, plundering en die misbruik van rampe soos die BKS-uitbreking vir winsbejag sal ineenstort, dat die poging eenvoudig nie die moeite werd is nie. Daarom ons oproep dat OBP geprivatiseer word."



# Dawie Roodt: Rentekoersverhoging regte besluit

**Walter Ernst**



Die hoofekonoom van die Efficient-groep, Dawie Roodt, sê die jongste rentekoersverhoging was die regte besluit te midde van 'n hoër inflasiekoers, maar met geluk sal dit dalk die laaste styging in die huidige siklus wees.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee het dié week 'n rentekoersverhoging van 25 basispunte aangekondig. Die rentekoerse sal daarvolgens van 24 September af op 7,25% te staan kom.

Die president van die Reserwebank, Lesetja Kganyago, het gesê die komitee het ooreengekom dat die inflasierisiko's verhoog het en dat dit monetêre beleidsreaksie noodsaak.

Dié besluit volg op die hakke van die jongste inflasiekoersaankondiging van 4,4%, wat aangevuur word deur stygende oliepryse vanweë die konflik in die Midde-Ooste asook die oorlog tussen Rusland en Oekraïne.

Die aankondiging kom nadat die VSA se Federale Reserweraad verlede Woensdag vir die eerste keer in drie jaar húl rentekoers met 25 basispunte verhoog het.



Gebou vir elke avontuur, van spontane padritte tot ruwe naweekwegbreke.
OutdoorW
Outdoorwarehouseza
Call toll-free 0800 007 261

TEMPO Finansiële Dienste

# Hoekom is advies nodig wanneer u batebeskermingsversekering koop?



U huis, ander eiendom en selfs die kapitaal wat u oor jare opgebou het, is van die grootste bates wat u ooit sal besit. Tog is dit opvallend hoe min aandag dikwels aan die beskerming van hierdie bates gegee word.

Wanneer dit by batebeskermingsversekering kom, fokus baie mense eerste op die premie. Die goedkoopste kwotasie word vergelyk en aanvaar, maar die vraag of die bate werklik voldoende verseker is, kry soms tweede plek.

Die probleem is dat die goedkoopste premie nie noodwendig die beste beskerming beteken nie. Wanneer 'n kliënt self besluit wat die vervangingswaarde van 'n huis of ander eiendom is, sonder professionele advies, kan die bate maklik onderverseker wees. Die laer premie kan aanvanklik baie billik lyk, maar wanneer 'n eis later ingedien word, kan dit beteken dat die uitbetaling nie genoeg is om die werklike verlies te dek nie. In werklikheid dra die kliënt dan self 'n gedeelte van die risiko.

Dit is juis waarom behoorlike advies belangrik is. 'n Raadgewer behoort die kliënt se situasie en die bate in konteks te beoordeel en saam met die kliënt te bepaal wat werklik gedek behoort te word. Dit is selfs beter as die raadgewer die kliënt se woning besoek, sodat die nodige inligting eerstehands beoordeel kan word.

Waar advies behoorlik gegee én aanvaar is, is daar 'n duidelike adviesproses en rekord van hoe die besluit geneem is. Sonder advies kan dit later baie moeiliker wees om te bewys dat 'n bepaalde vlak van dekking voldoende was.

Dit is belangrik, want baie eiendomme is steeds onderverseker.

Wanneer laas het iemand wat u batebeskermingsversekering hanteer het, u huis besoek om seker te maak u dekking is steeds voldoende?

*Tempo Finansiële Dienste bied graag die geleentheid om u batebeskerming te hersien en met die nodige advies seker te maak dat u behoorlik beskerm word.* **N**



Pretoria FM

# 25% afslag

op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

**Nuusweek**

**Regskennisgewings**

Bepalings en voorwaardes geld.

# Lesers se beurt




*Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.*

’n Nuwe AfriForum-verslag, waarin 47 afsonderlike gewelddadige plaasaanvalle bestudeer is wat oor ’n tydperk van sewe jaar plaasgevind het, toon ’n patroon van marteling waarin plaasaanvallers verskeie geïdentifiseerde metodes inspan om slagoffers fisiek en emosioneel te mishandel. Dié verslag, getiteld *More than robbery: Violence during attacks on farms and smallholdings in South Africa, 2019–2025* is die afgelope week bekendgestel en voer aan dat die buitensporige geweld wat sommige plaasaanvalle kenmerk, daarop wys dat plaasaanvalle nie blote roof is nie. Hier is wat lesers hieroor te sê gehad het:

**Rudi Botha**

Ons weet dit mos. Destyds al geweet dit kom met die uitwissing van die kommandostelsel. Die langtermyn-kookpotuitwissing van die SAKP in volle gang.

Ons vertrou die gety sal draai ... Dit begin stadig.

**Therese Bunge**

Dit is nie roof nie. Dit is wreedste van die wreedste moorde.




**Piet Breytenbach**

Maar as die volk wou luister toe oom Jaap Marais gewaarsku het, was al die hartseer en gemors nie vandag met ons nie.

**Bettie Jacobs**

ANC, EFF, ens. sit self agter die moorde.

**Alida van der Merwe**

Stuur dié verslag vir Donald Trump.

**Lisa Grobbelaar**

Liewe ouers. Skokkend.


**Adrie van Wyk**

Ai, dit is baie erg.

**Maxie de Jongh**

Onmenslik. **N**

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# Kan die ongemaklike linkse huwelik hou?

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Daar is die afgelope maande baie gesê en geskryf oor die opkoms van regse, soms populistiese, soms nasionalistiese en soms bloot patriotiese politieke partye in Europa. Teen hierdie tyd ken almal die Alternatief vir Duitsland (AfD), en is Marine Le Pen en Geert Wilders bekende name by enigiemand wat in Europese politiek belangstel.

Terwyl daar 'n verskuiwing na regs in die meeste Europese lande plaasvind en die politieke sentrum al hoe kleiner raak, is daar ook 'n ander belangrike deel van die politieke verandering by linkse partye te bespeur. Die tendens verskil hier van land tot land. Wat wel duidelik is, is dat talle linkse partye in Westerse lande toenemend 'n ongemaklike huwelik aangaan tussen kiesers met 'n immigrante-agtergrond, ouer linkse kiesers wat ideologies in die 1960's en 1970's gevorm is, en jong, stedelike, globalistiese kiesers – veral jong vroue – met 'n ekologiese, anti-kapitalistiese en veral sterk oikofobiese ingesteldheid.

Enkele weke gelede het 'n blok van linkse partye in Swede die verkiesing naelskraap gewen. Vir die eerste keer ooit was meer as 40% van kiesers mense met 'n immigrante-agtergrond. Hierdie kiesers het in groot getalle vir linkse partye gestem. In een woonbuurt in Stockholm, met 'n oorwegend Somaliese bevolking, het meer as 90% van kiesers vir ekstreemlinkse partye gestem.

Die afgelope Sondag was dit die voormalige kommuniste van Oos-Duitsland, Die Linke, wat dit in Berlyn reggekry het. Dié party, die mees linkse party in Duitsland, het eerste geëindig nadat dit 25% van die stemme gekry het. Die party se steun kom veral van ouer linkse en kommunistiese kiesers wie se politieke tande in die voormalige Oos-Duitsland geslyp is, jong vroue en immigrante. Die Linke het ook sterk steun onder kiesers van Turkse afkoms geniet. In Berlyn het 51% van vroue jonger as 25 jaar Sondag vir Die Linke gestem, terwyl 33% vir die Groenparty gestem het.

In baie Europese lande word die politieke sentrum met elke verkiesing verder uitgehol. Duitsland is hier 'n goeie voorbeeld. In Berlyn het die twee politieke partye wat Duitsland dekades lank regeer het, die Christen-Demokrate en die Sosiaal-Demokrate, albei wesenlike steun verloor. Sentrumregse, konserwatiewe stemme beweeg na die regse AfD. Linkse stemme beweeg ook verder na links, na partye soos veral die ekstreemlinkse Die Linke en die Groenparty.

In verskeie Europese lande veroorsaak dit dat die ou sentrumregse en sentrumlinkse partye stadig maar seker wegkwyn. Volgens peilings is daar tans 'n historiese laagtepunt in steun vir die sentrumlinkse, sentrumregse en liberale hoofstroompartye van Frankryk in volgende jaar se presidentsverkiesing. Daar is 'n moontlikheid dat die twee kandidate wat na die tweede ronde van die verkiesing deurdring, die regse Marine Le Pen en die ekstreemlinkse Jean-Luc Mélenchon van die La France Insoumise-party kan wees. Sy party, soos Die Linke in Duitsland, is ten gunste van die nasionalisering van huureiendomme, die nasionalisering van verskeie nywerhede, 'n verdere uitbreiding van welsynsprogramme, hoër belasting en makliker immigrasie en burgerskap vir asielsoekers en vlugtelinge.

In sommige ander lande is daar egter 'n poging deur die hoofstroom-sentrumlinkse partye om radikale linkse elemente, veral dié wat afkomstig is van mense met 'n immigrante-agtergrond, binne hul partye te betrek. Die Arbeidersparty in die Verenigde Koninkryk doen dit uit vrees dat dit kiesafdelings in gebiede wat toenemend deur immigrante gedomineer word, kan verloor. Daardeur word radikale Islamitiese politieke kandidate van onder andere Somaliese, Pakistanse en Palestynse afkoms deesdae as kandidate vir die Arbeidersparty voorgehou.

Op 8 Oktober vind daar in die Holborn and St Pancras-kiesafdeling in Londen 'n tussenverkiesing plaas nadat die vorige Britse premier, Keir Starmer, besluit het om uit die parlement te bedank. In die verlede sou klassiek-linkse politici soos Starmer as kandidate aangewys word. In die komende verkiesing het die Arbeidersparty egter besluit om die Somalies-gebore, Sagal Abdi-Wali, as sy kandidaat aan te wys. Sy verkies om die hijab-hoofbedekking te dra en huldig standpunte wat as baie naby aan antisemitiese en selfs anti-Britse standpunte geklassifiseer kan word.

Met minder as ses weke oor tot die Amerikaanse middeltermynverkiesing is daar ook 'n ongemaklike huwelik in die Demokratiese Party, met al hoe meer radikale kandidate van die sogenaamde Democratic Sosialists of America wat stelselmatig die party oorneem. Een so 'n kandidaat is Abdul El-Sayed, wat vir 'n opskudding gesorg het toe hy as die Demokratiese Party se senaatskandidaat in Michigan verkies is. Dit het met die hulp van die deelstaat se groot Moslembevolking gebeur. Daar is vanjaar nog talle soortgelyke kandidate wat as Demokrate deelneem, met groot onsekerheid oor hoeveel meer gematigde Demokrate uiteindelik vir hulle gaan stem.

Terwyl die ooreenkoms tussen linkse politici en kiesers in Westerse lande en die groter wordende immigrantebevolking veral ekonomies van aard is, is daar 'n groot breuk in waardes. In die VSA is kandidate soos El-Sayed baie sterk gekant teen Israel, terwyl Jode histories by die Demokrate tuisgehoort het. Moslemkiesers en -politici het ook 'n afkeur in dinge soos LGBTQIA+-regte en ander liberale waardes, terwyl linkse partye hierdie sake dikwels as sentraal tot hul identiteit beskou. Vir nou is dit 'n ongemaklike huwelik om politieke mag te bekom. Soos immigrantebevolkings groter word, sal hulle uiteindelik op hul eie die politieke mag kan verkry. Teen dan mag daar 'n sterk gevoel van politieke verontwaardiging by liberale kiesers ontstaan. Vir nou is daar egter 'n sterk moontlikheid dat hierdie samewerking tot die groei van meer radikale linkse partye en die verkiesing van meer radikaallinkse kandidate kan lei. Dit maak die politieke kloof in Westerse lande groter en moeiliker om te oorbrug. Daarin lê 'n groot gevaar vir die stabiliteit en toekoms van Westerse samelewings opgesluit. **N**

*Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Daar is nie 'n "Afrikanerdebat" nie

REPLIEK

James Kemp

Daar is die afgelope tyd baie geskryf en baie berig oor die sogenaamde "Afrikanerdebat". Die debat tussen, soos die term nou algemeen gebruik word, linkse en regse Afrikaners. Dit is belangrik om net eers duidelik te definieer wat met die twee terme bedoel word aangesien "links" en "regs" soms baie maklik na weerskante toe as etikette gebruik word.

Die "regse" Afrikaners kan beskryf word as diegene wat betrokke is by die oprigting van 'n Afrikaanse Universiteit, Akademia. Hulle litigeer plaaslik teen onder meer wetgewing wat persone op grond van ras uitsluit, en hulle argumenteer dat plaasmoorde as 'n prioriteitsmisdaad geklassifiseer moet word. Hulle skakel ook internasionaal oor kwessies wat na hulle mening belangrik is. Alhoewel die groepering die Solidariteit Beweging insluit, is dit nie beperk tot organisasies soos AfriForum nie en moet Ernst Roets se Lex Libertas ook hier vermeld word.

Die "linkse" Afrikaners het prominensie gekry nadat hulle 'n ope brief gepubliseer het waarin hulle kapsie maak teen die Amerikaanse president, Donald Trump, se besluit om vlugtelingstatus aan Afrikaners toe te ken. Hulle het daarna ook te velde getrek teen 'n Afrikaanse Universiteit uit die Solidariteitstal en glo nie dat plaasmoorde spesiale vermelding verdien nie. Dit is ook uit dié groepering se geledere wat die plan gekom het om 3 000 sokkerballe in te samel in reaksie op Lex Libertas se 3 000 kruise ter herdenking van die slagoffers van plaasmoorde, wat die naweek in Washington opgerig word. Soos met die "regses" is dit nie moontlik om hierdie sogenaamde "linkses" in een kamp te plaas nie, en die groepering sluit in die nuut gestigte Afrikaners vir Suid-Afrika, Dialoog vir Aksie Netwerk en die Betereinders.

Ek is minder huiwerig om na die "linkse" groep as links te verwys. My waarneming is dat die sogenaamde linkses hulle inderdaad polities links posisioneer het met hulle kritiek op 'n Afrikaanse universiteit en hulle ondersteuning van rasregulerende wetgewing. Dit blyk dat hulle nie 'n plek sien vir Afrikaanse onderrig nie, maar wel vir wetgewing wat voorsiening maak vir die bevoordeling op grond van ras.

Op hulle eie sosialemediaplatforms is die uitlating al gemaak dat 'n universiteit soos Akademia te "geïnsuleer" is om studente gebalanseerd vir die lewe voor te berei en dat raswetgewing nodig sou wees om die ongeregtighede van voor 1994 reg te stel. Hulle reaksie op die kritiek wat die "regses" (en die VSA-regering) op problematiese gebeure in Suid-Afrika het, kan kortliks as volg opgesom word:

1. Dat daar raswetgewing is, MAAR dat dit nodig is.
2. Dat daar plaasmoorde is, MAAR dat Suid-Afrika in ieder geval baie ander geweldsmisdaad beleef.
3. Dat daar R0-vergoeding vir eiendom aangebied word, MAAR dat dit tans in die howe betwis word of darem nie onbillik deur die regering toegepas sal word nie.

Met die verskyning van die "Nie in ons naam"- ope brief was ek verbaas om sommige van die name op die brief te sien, aangesien 'n hele paar van hulle al hulle ongemaklikheid met die term "Afrikaner" uitgespreek het of 'n bedanking vanuit dié kultuurgroep ingedien het.

Gesonde gesprekvoering is belangrik en dit is goed dat alle stemme en opinies die geleentheid kry om gehoor te word. Of hulle nou reg of verkeerd is, of hulle min of baie is, 'n gesprek is altyd gesond. Daar is egter twee mites wat aandag moet geniet:

**Mite 1: Die regses is die onverdraagsames**

Alhoewel lede van beide hierdie groepe soms onverdraagsaamheid op sosiale media ten toon stel, is my waarneming dat die onverdraagsaamheid veral onder die linkse groepering prominent is. Een voorbeeld is die aanbring van 'n rooi kruis op die voorkop van 'n opponent. Dit was al met Dirk Hermann en Ernst Roets die geval. En alhoewel daar geargumenteer word dat die rooi kruis op 'n voorkop nie aanhitsing tot geweld is nie, lyk dit alte veel soos 'n dreigement. Terwyl Roets dus wit kruise plant oor plaasmoorde, word daar 'n rooi kruis op sy voorkop geplant.

'n Ander persoon uit daardie geledere reken dat daar 'n Nurembergstylverhoor moes wees ná 1994 want "miskien as hulle ouens soos Adriaan Vlok en Eugene Terre'Blanche gesien hang het, sou hierdie kak nie gebeur het nie".

**Mite 2: Daar is 'n Afrikanerdebat**

Die indruk word die afgelope tyd op sosiale media en nuusplatforms geskep dat hier twee groepe in Afrikanergeledere is wat ewe veel steun geniet, maar verskillende standpunte handhaaf. As daar egter gekyk word na die standpunte wat deur die meerderheid Afrikaners gehuldig word, sien ons dat hulle grootliks met die sogenaamde "regses" saamstem oor die belangrikheid van 'n Afrikaanse universiteit en die brutaliteit van plaasmoorde.

Die Betereinders se eie navorsing wys daarop dat die oorgrote meerderheid van Afrikaners AfriForum se werksaamhede ondersteun en plaasmoorde as 'n reuseprobleem beskou. Die afgelope week vertel die uitvoerende hoof van AfriForum, Kallie Kriel my dat hulle binnekort navorsing gaan publiseer wat daarop dui dat AfriForum se werksaamhede baie steun onder die meeste swart mense asook mense van ander bevolkingsgroepe geniet. Die linkses is dus nie net uit voeling met die meerderheid Afrikaners nie, maar ook die ander bevolkingsgroepe van Suid-Afrika.

Ten spyte van die talle plasings op sosiale media en nuusberigte oor die tema is daar nie werklik 'n Afrikanerdebat nie. Daar is Afrikanerkonsensus en 'n randfiguurrumoer. 'n Konsensus dui natuurlik nie op absolute eenstemmigheid oor alles wat in die land gebeur nie, maar wel dat die meerderheid Afrikaners oor die belangrikste kwessies saamstem. Dit beteken ook nie dat die randfigure se standpunte oor die hoof gesien moet word nie. Goeie gesprekvoering is afhanklik van die insluiting van alle standpunte. Ons moet egter ophou om te maak of hier debatvoering plaasvind tussen twee groepe met ewe veel steun. Dit is bloot nie waar nie. Die meeste Afrikaners is lankal verby die debat wat die linkses nou wil voer. **N**

**Kemp is die stasiebestuurder van Pretoria FM*

# Nie almal is swemmertjies nie!




Wanneer jy geroep is om die groot oseaan te wees, moenie besluit om 'n plassie te raak net omdat ander nie kan swem nie. Nie omdat jy selfvoldaan of verwaand is nie, maar bloot omdat jy jou waarde ken en nie nodig het om jouself klein of gering te maak om in te pas by ander se onsekerhede nie. Leef passievol. Gryp elke geleentheid wat oor jou pad kom met beide hande aan. Werk hard. Wees getrou. Gee jouself toestemming om te borrel van vreugde.

Daar is iets bevrydend aan selfversekering. Wanneer jy waarlik goed voel in jou eie vel. Onbeskaamd jou beste lewe leef! Dit is soos om uiteindelik jou eie hartklop te hoor, sonder die behoefte om dit te oordonder of te verduidelik. Wanneer jy selfversekerd is, het jy nie nodig om te kompeteer met ander nie. Jy vier jou eie uitsonderlikheid, nie as 'n daad van trots of op 'n wyse wat ander afkraak nie, maar as 'n uitnodiging vir ander om ook hul drome te verwesenlik en hul grootheid en beloftes in besit te neem. 'n Uitnodiging vir ander om weer hul hartklop te vind en te hoor. Hul ritme te vind.

Nie elkeen se pad loop parallel met joune nie. Elkeen is op hul eie pad met hul eie suksesse en hul eie worstelinge. En soms gebeur dit dat ander rondom jou in hul eie onvolwassenheid staan en verwag dat jy binne die grense waarin hulle gemaklik voel, moet bly. Maar jy hoef nie jou toekoms in te perk om by iemand anders se vrees in te pas nie.

Elke dag behoort heilig en kosbaar te wees! Elke dag behoort voluit geleef te word, soos die bordjie wat ek die anderdag op die braaihout in die hardewarewinkel raakloop: "Leef vandag asof jy vanaand gaan braai!"

Al het dit my heerlik laat lag, is daar soveel waarheid in hierdie woorde opgesluit. Dit is 'n herinnering dat tyd 'n geskenk is en ons die dinge moet doen wat ons hart met vreugde vul. Nie elke negatiewe opmerking het jou aandag nodig nie. Jy hoef nie 'n drie paragraaf lange verduideliking te gee as regverdiging vir elke besluit wat jy neem nie.

Gryp hierdie dag aan! Want hierdie dag is 'n geleentheid om iets buitengewoon uit die gewone te skep! 'n Oomblik nog nie vantevore geleef nie, wat wag om ontgin te word. 'n Uitdaging nog nie vantevore oorwin nie. 'n Droom wat jy nie eens geweet het bestaan nie, en jy het alles om dit 'n realiteit te maak.

Hierdie "alles" beteken nie dat alles maklik is nie. Dit beteken dat jy ten spyte van en in alles steeds jou kop kan optel en trots voel. Trots omdat jy nie opgegee het toe dinge moeilik was nie. Nie in sak en as gaan sit het toe elke ding nie uitgewerk het soos jy gehoop het dit sou nie. Nee, jy het die deursettingsvermoë gehad, toe tou opgooi makliker sou wees. Moenie toelaat dat die hardheid van die wêreld in jou hart nesmaak nie. Nederigheid, sagtheid, skoonheid, intelligensie en sukses kan alles saam bestaan.

Jy is besig om te bou aan jou verhaal. Jy is besig om te bou aan jou toekomstige self. Ken jou waarde. Beskerm jou vrede. Vergewe maklik. Vier ander se suksesse met dieselfde oorgawe as jou eie. Niks lyk beter aan jou as absolute vreeslose selfvertroue nie. Wees onbeskaamd jy, foute en tekortkominge en al. Dit het 'n unieke aantrekkingskrag. Dit verander hoe jy na jouself kyk. Dit verander hoe jy ander om jou sien. Dit verander hoe ander jou ervaar.

Wees soos die groot oseaan! Kyk hoe ver jy alreeds gekom het. Kyk hoeveel pragtige lewensreise en geleenthede lê nog voor jou wat net wag vir jou om die meeste daarvan te maak. Wees die een wat ander aanmoedig wat deur moeilike omstandighede gaan, selfs al gaan jy self deur moeilike omstandighede van jou eie. Omring jouself met ander net soos jy! Soort soek soort. Yster slyp yster en vriende vorm mekaar! **N**

**Alta Strauss is 'n breinprofielpraktisyn, motiveringspreker en skrywer.*




# Haakplekke en hakskeenpleisters

*Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder*

PRETORIA HISTORIA
Riana Mulder

Die kerkplein was die hart van die dorp Pretoria, en het ook diens gedoen as die markplein. Veilings is gehou onder die eikebome in die suid-westelike hoek, bekend as The Oaks, gewoonlik op Vrydagoggende. Dit was gewoonlik ook sommer 'n geleentheid om weer 'n bietjie nuus uit te ruil en te kuier.



*Pretoria se strate in die 1890s. [Foto: Het Geheugen van Nederland]*

Die eerste kroeg het behoort aan Albert Brodrick, die eerste persoon wat dit reggekry het om 'n dranklisensie te bekom, en was sommer agter in sy winkel aan die oostekant van die kerkplein. Hy het die winkel The Hole in the Wall genoem, blykbaar omdat 'n mens deur 'n opening in die muur 'n uitsig gehad het op die heel eerste aangeplante aalwyn in die dorp!

Teen ongeveer 1860 het 'n paar ander handelaars ook winkels op die plein geopen. Die eerste was H. Austin, gevolg deur Robert Lys, R Cottle Green en Lang Piet Marais, wat die eerste koöperasiewinkel vir boere begin het.

Op politieke gebied was Pretoria se beginjare 'n tyd van onsekerheid en onderlinge rusie. Leierskap was nog nie heeltemal bepaal nie, en in die laat 1860's het die onmin tussen Paul Kruger en Stephanus Schoeman se ondersteuners gelei tot 'n kort burgeroorlog.

Pretoria het ná 1860 inkomste verkry uit lisensiegelde wat van handelaars, prospekteerders en jagters ingevorder is, maar die politieke onrus het vertroue in die geldeenheid (destyds die pond) laat daal, en gou was 'n eenpondnoot feitlik waardeloos. So waardeloos dat dit snedig "hakskeenpleisters" genoem is! Uiteindelik het gewone handel feitlik verdwyn en is daar weer teruggekeer na 'n ruilhandelstelsel.

In die 1870's het pres. Thomas Burgers aan bewind gekom en dit reggekry om vir die regering lenings te bekom, wat 'n mate van ekonomiese herstel meegebring het. Hierdie verbetering in die ekonomie het gelei tot uitbreidings in Pretoria: Nuwe geboue is gebou en meer handelaars het in Kerkstraat, veral oos van die kerkplein, nuwe besighede geopen.

Thomas Beckett was een van die eerste besigheidsmanne wat sy eie eenverdiepinggebou op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat gebou het, en Bourke en Kie. het twee winkels aan weerskante van die plein in Kerkstraat besit.

Naby Leeubrug was Meintjies se Meule, en die Van der Waterenbroers was waarskynlik hulle beste kliënte, want hulle het die eerste bakkery begin. Nog Nederlanders het daarna bakkerye geopen: die bekende Turkstra, Boerstra en De Loor. Daar was selfs mooi goed vir die meisies toe Schultis en Schwar 'n juwelierswinkel open.

Teen die laat 1880's was daar drie banke, en uiteindelik ook 'n munt. Pretoria is ook vir 'n wyle deur die Britse regering geannekseer (1877-1881), en as gevolg daarvan tussen Desember 1880 en Maart 1881, tydens die Eerste Vryheidsoorlog (Anglo-Transvaalse oorlog), deur Republikeinse magte beleër. Paul Kruger het kort daarna aan bewind gekom, en was vir vier ampstermyne die staatspresident.

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het nog meer uitbreidings, mense en dus geld na Pretoria gebring, maar die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog) het weer 'n demper op die ekonomie geplaas wat vir baie jare 'n negatiewe impak sou hê. **N**

**Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*





# Die Boekeblad
met
Graffiti Boeke

## Nuut op die rak




### *Vlam van die sprokkelhout*
**– SD Fourie**

**R320 – Queillerie**

Maré l'Abillionni het soos 'n tak van die moederboom afgebreek. Ná 'n lang reis vanaf die Douro-vallei in Portugal tot Madagaskar beland sy op die slaweskip *Meermin* en spoel letterlik op die strand by Struisbaai uit. Sy is sprokkelhout.

Opgebreek in stukke in 'n vreemde land waar almal oor haar kan uitsprake lewer. Besluite vir haar neem. Uitgelewer aan 'n vuur wat voel of dit haar verswelg.

Maré het 'n vuur met sprokkelhout aangesteek in die Strandveld deur haar afkeur teen slawehandelaars en haar missie dat alle kinders geregtig is om te kan lees en skryf. Hetta Uys land 258 jaar later op Agulhas. Ook gebreek soos sprokkelhout omdat haar bruidegom haar voor die kansel op Struisbaai gelos het en sy haar pos as joernalis verloor het. Sy is daar om haar ouma se Spookhuis op te ruim en te verkoop. Die twee vroue stook albei 'n vuur in die Strandveld. 'n Puik nagevorste, aangrypende historiese én kontemporêre roman deur 'n geliefde skrywer.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

### *'n Leeu in 'n Lugballon: Rympies vir Aapsterte*
**– Daniëlla van Heerden**
**Illustreerder: Zinelda McDonald**




**R200, Pan Macmillan SA**

Die ses-en-twintig lekker lawwe alfabetrympies in hierdie boek neem jong lesers op 'n prettige reis van A tot Z. Op hierdie ontdekkingstog leer hulle boonop sommige van die stede en dorpe van Suid-Afrika ken.

Is dit sowaar 'n brak op 'n branderplank in Ballito?


Kan dit Kersvader wees wat uit 'n kabelkar in Kaapstad hang?

En hoe op aarde het Vince in Victoria-Wes op 'n verskrikte volstruis se rug beland?

In hierdie boek kry lesers die alfabet onder die knie terwyl hulle lag-lag meer oor hul land leer.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

### *Die Geskiedenis van Braaibroodjies*
**– Frans de Villiers**




**R350, Flyleaf**

Het jy al ooit gewonder waar die braaibroodjie vandaan kom?

Toe Frans de Villiers hierdie onskuldige vraag begin ondersoek het, was hy geskok oor hoe min werklike inligting beskikbaar is oor een van Suid-Afrika se gewildste braaigeregte.

Sy nuuskierigheid het ontwikkel in 'n jare lange ondersoek deur die kosgeskiedenis van Suid-Afrika, met verrassende wendings oral langs die pad. Hierdie speurtog het hom gelei deur agtiende eeuse resepteboeke, vroeë reisigersjoernale, Jan van Riebeeck se dagboek, handgeskrewe familieresepte, Voortrekkerdagboeke, koerante uit die 1930's tot 1950's, duisende ou Huisgenoot-uitgawes uit dieselfde era, briewe uit kerkargiewe, asook verskeie kosbare ou tekste uit die Universiteit Stellenbosch se Spesiale Versamelings.

Hy het geleer dat die geskiedenis van braaibroodjies méér as net 'n kosverhaal is. Dit is die storie van Afrikaners, vertel deur die lens van witbrood, kaas, uie, tamaties, blatjang en vuur.!

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## TOPVERKOPERS

**Hier is die week se topverkopers:**

10 ***Daardie lewe Karel Schoeman*** – Ria Winters
9 ***'n lerse knoop*** – Elsa Winckler
8 ***Brandstapel*** – Marie Lotz
7 ***Rebekka van Kameeldoornplaas*** – Irma Joubert
6 ***Sterre is vir altyd*** – Sophia Kapp
5 ***Jagspinnekop*** – Erla Diedericks
4 ***Twee halwes maak 'n hele*** – Marita van der Vyver
3 ***Vlam van die sprokkelhout*** – S D Fourie
2 ***Blinde kol*** – Martin Steyn
1 ***Op Lig*** – Thilde Nel

## Wen al drie die boeke!



**'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

### Wie het *Vlam van die sprokkelhout* geskryf?

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en volledige adres na **072 386 5997**.
**Inskrywings sluit Maandag 28 September 2026.**

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 18 Sept 2026 se boekekompetisie is:**
**Gerrie Viljoen – Rustenburg**

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by**

**www.graffitiboeke.co.za**

**teen 10% afslag.**

# Sondag is 'n Feesdag

7VOOR7

Ds. Adri van Staden
*emeritus leraar in die AP Kerk*

Die wet van die Here moet vir jou 'n bron van vreugde wees. Vir Israel was dit wel so omdat die wet hulle herinner het aan die verlossing uit Egipte. In ons tyd herinner die wet ons aan die verlossing uit sonde en dood deur die soendood van Jesus Christus. Daarom moet jou Sondae feesdae wees: Dit moet die dag wees waarop jy die wet van die Here saam met die gemeente aanhoor en daar rede vind om huis toe te gaan en saam met jou mense fees te gaan vier. Alles moet staan in die teken van jou blydskap omdat jy 'n verloste kind van die Here is. Hierdie blydskap moet jy met ander deel. Die Here verwag van jou om vol blydskap te wees omdat jy sy kind is. Droefheid is 'n teken van 'n gebrek aan geloof of selfs ongeloof. Jou geloof sal oorgaan in blydskap wanneer jy ervaar hoedat die Here deur sy Gees altyd by jou is en jou lei om nie te sondig nie; dit wil sê jou beskerm teen versoekings. Jou lewe kan en moet 'n fees wees! **N**

## #vrydagfeite



Die argitektonies-aantreklike Zuid-Afrikaans-hospitaal in Muckleneuk, Pretoria dateer uit 1904.

Die Victory Cottage-hospitaal in Pretoria was 'n Britse militêre hospitaal, maar toe gewonde boere geweier het om in 'n hospitaal onder Britse bestuur opgeneem te word, het die Nederlandse gemeenskap ingespring en 'n ses-bed-gerief in Generaal Christiaan Frederik Beyers se woning in Sunnyside ingerig en dit Het Hollands Hospetaaltje genoem.

Die hospitaal het in 1912 geskuif na die perseel op die hoek van Berg- en Walterstraat en is die Het Zuid-Afrikaans Hospitaal en Diakonessenhuis hernoem.

Die hospitaalontwerp is op 'n model van 'n Nederlandse hospitaal in Utrecht geskoei en diakonesse het daar gewerk as deel van hul liefdadigheidsdiens. Die Nederlandse verband het die hospitaal toegang tot verpleegstersopleiding in Nederland gegee.

Ten tyde van die uitbreking van die Spaanse griep in 1918 is daar besluit om 'n groter hospitaal op te rig en 'n minimum van 40 beddens is as vereiste gestel vir 'n gesondheidsorggerief wat as opleidingsinstelling kon dien.

Die nuwe hospitaal is in 1929 deur Johan R. Burg in samewerking met die Nederlandse argitek, Johan W. Hanrath ontwerp.

Die destydse burgemeester van Pretoria, Edmond Bourke, het in 1936 aan die hospitaalbestuur 36 erwe verkoop. Dit het £20 000 gekos om die hospitaal te bou wat onder andere deur Dr. C.J.K. Van Aalst van Nederland asook die digter, Jan F.E. Celliers befonds is.

Die nuwe hospitaal het sy deure in 1936 met 32 beddens, 'n operasieteater en X-straalgeriewe geopen.

Saal A is in 1951 geopen wat die getal beddens tot 53 uitgebrei het. Daarna is verskeie aanbouings en verbeterings aangebring.

Die oorspronklike hospitaal staan tans in die hartjie van 'n samevoeging van strukture.

Zuid-Afrikaans is vandag 'n onafhanklike hospitaal wat met 181 beddens, meer as 500 personeel en wêreldgehalte mediese spesialiste spog. **N**

## Vandag in die VERLEDE




Albe Grobbelaar

Die eerste *Staats Courant* in die ZAR het op 25 September 1857 verskyn. Dit was nadat ene A.J. Wagner reeds in 1851 voorgestel het dat 'n drukpers noodsaaklik was in die ZAR "ten einde de onregtvaardige en skandelijke lasteringen door de Britsche koeranten op eene regtvaardige wyze te verdedigen en de waarheid hulde te doen".

Terwyl ons by die koerantwese is: 'n Korrespondent van die *Rand Daily Mail* het op 25 September 1905 'n storie geskryf oor die "veiligheidsrisiko" wat deur die invloei van Chinese mynwerkers na Suid-Afrika veroorsaak word. "*The Transvaal is fighting its own peculiar yellow peril,*" het hy geskryf, en vertel hoedat die "Chinese gevaar" mense hulle huise soos forte laat beskerm en hoe vrouens in vrees en bewing leef as hulle alleen by die huis is. Die sg. "Chinese Kwessie" het tot vuurwarm politieke debatte gelei.


Sir Ernest Oppenheimer het op 25 September 1917, vandag 109 jaar gelede, die mynmaatskappy Anglo-American gestig. Die res, soos hulle sê, is geskiedenis.

'n Klompie verjaarsdae vandag: Die Amerikaanse aktrise Juliet Prowse sou vandag 90 jaar oud gewees het. Die *Superman*-akteur Christopher Reeve sou 74 word, en Hansie Cronje sou vandag sy 57ste verjaarsdag vier. 'n Mens kan amper nie glo dat dit al byna 'n kwarteeu is sedert Hansie so tragies gesterf het nie. **N**


BUITENGEWONE STAATS-COURANT
ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK
PROCLAMATIE


*Staats Courant*


*Sir Ernest Oppenheimer*


*Hansie Cronje*

# Mpact (JSE - MPT)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**

**Mpact** is SA se grootste herwinningsmaatskappy.

**Kernbevinding**

Die watervalformasie (moontlik positief) hou beleggers sku.

Die sprong in volume is opvallend. Die kopers van die aandele sal eers gelukkig wees bo R18,00.

Let daarop dat lyn A en die 50-dag-bewegende gemiddeld feitlik bymekaar is. Dit bevestig die belangrikheid van die plek op die grafiek.

Ons toets 'n nuwe laagtepunt by R16,70. Ignoreer dus die aandeel onder R16,70.

Bo lyn A (R17,49) kan die eerste teken van tegniese sterkte gesien word en die watervalformasie tekens toon dat dit stoom verloor. As die momentum na bo hou, kan die aandeel mettertyd dalk na R18,96 klim.

Onder R16,70 kan die aandeel laer daal en die positiwiteit van die tafel vee. Moontlike teikens na onder is: R16,68; R16,59; R16,50; R16,46; R16,23; R16,10 en R16,00.

Vir spekulante – koop of gaan lank bo lyn A (R17,49), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R17,17 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: R17,67; R17,82; R18,00; R18,18; R18,45; R18,59; R18,71; R18,96; R19,11; R19,23 en R19,45.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as die spekulante en hou ook by hulle keerverlies om kapitaal te beskerm. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R17,42) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddeld is hulle positief.

**Belangrike vlakke om dop te hou**

Indien die instrument kopers lok bo lyn A, kan die instrument dalk beweeg na: R17,67; R17,82; R18,00; R18,18; R18,45; R18,59; R18,71; R18,96; R19,11; R19,23 en R19,45.

**Opsomming**

Koop of gaan lank bo R17,49, maar gebruik R17,17 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie. Bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Vrywaring**

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan*
*fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

*Klik op poste vir meer info*

## Administrasie

**PA/Office Administrator** Pretoria East Basic R20 000 – R22 000 + Provident & Incentives PERM- Dandelion Recruitment | Pretoria | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**Accounts/Office Administrator** – R25 000 + Provident & Incentives Pretoria East PERM - Dandelion Recruitment | Pretoria East | Sluitingsdatum: 30/09/2026

## Ambag

**Vaktoetsbeampte: Megatronika/Elektries/Meulmaker** - Ajani | Derdepoort, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/09/2026

## Au Pair

**AU PAIR** - ABC AU PAIRS | Pretoria | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**AU PAIR**/TUTOR- ABC AU PAIRS | Waterkloof Ridge | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**AU PAIR** - ABC AU PAIRS | Erasmuskloof | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**AU PAIR** - ABC AU PAIRS | Pretoria | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**Au Pair/Baba oppasser** | Villieria, Pretoria | Sluitingsdatum: 01/10/2026

## Bestuursposte

**Tegniese Bestuurder** - Mirna Butler Recruitment | Ladismith | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**Skof Bestuurder** - Mirna Butler Recruitment | Ladismith | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**Graan Bestuurder** - Mirna Butler Recruitment | Bloemfontein | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**OPERASIONELE BEAMPTE** | Orania | Sluitingsdatum: 01/10/2026

## Drywer

**DRIVER** - ABC AU PAIRS | Woodhill Golf Estate | Sluitingsdatum: 30/09/2026

## Finansies

**Krediteureklerk** - Realvision | Faerie Glen | Sluitingsdatum: 30/09/2026

## Grafies

**Graphic Designer** - Perfect Placement Recruitment | Polokwane | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**Graphic Designer** | Bellville, Cape Town | 01/10/2026

## Gesondheid

**Clinical Quality & Governance Facilitator** - Intercare Corporate Services | Pretoria | Sluitingsdatum: 27/09/2026

**Junior SHEQ Co-ordinator** (Health and Safety Co-ordinator) | Kempton Park | 01/10/2026

## Gasvryheid

**Housekeepers** - Owlwork Recruitment | Sea Point, Cape Town | Sluitingsdatum: 27/09/2026

**Hotel Stores Administrator** - Perfect Placement Recruitment | Limpopo | Sluitingsdatum: 30/09/2026

## IT

**JUNIOR ONTWIKKELAAR / TEGNIESE ASSISTENT** - NeverOffice | Centurion | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**WordPress and AI Web Designer** - Lemoen Marketing | Pretoria | Sluitingsdatum: 30/09/2026

## Ingenieurs

**Ingenieursverkoopsverteenwoordiger** | Pretoria / Brakpan | 01/10/2026

## Internskappe

**Barista Internship** | Durbanville | 01/10/2026

## Kliëntediens

**Kliëntediensagent & Ontvangs** (PTA)- J and A Admin | Pretoria | Sluitingsdatum: 28/09/2026

**Business Relationship Advisor / Support** - Finding Personnel | Pretoria | Sluitingsdatum: 29/09/2026

## Kleinhandel/Winkelpersoneel

**Winkel kassier** | Centurion | 01/10/2026

## Kommunikasie & Bemarking

**Brand Strategist** | Bellville, Cape Town | 02/10/2026

## Konstruksie

**Quartz en Graniet installeerder** | George | 01/10/2026

## Landbou

**Graanaankoper** - Mirna Butler Recruitment | Bloemfontein | Sluitingsdatum: 26/09/2026

## Logistiek

**Operasionele- en Logistieke Kontrolleerder** (PTA)- J and A Admin | Pretoria | Sluitingsdatum: 28/09/2026

## Regslui

**Regs- en Nakomingskoördineerder** | Pretoria / Marble Hall | 01/10/2026

## Spyseniering

**kommis sjef** - Tuck In | Centurion | Sluitingsdatum: 26/09/2026

**Hoofbakker** - Waterval Depot | Pretoria North | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**Assistent Voedseldiens bestuurder** / Junior Chef- Fidelia Mouton | Edenvale | Sluitingsdatum: 30/09/2026

## Tegnies

**Vaktoetsbeampte: Megatronika/Elektries/Meulmaker** - Ajani | Derdepoort, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**Welding QC Inspector** | Centurion | 01/10/2026

## Toerisme

**Reservationist** - Perfect Placement Recruitment | Polokwane | Sluitingsdatum: 30/09/2026

## Toesighouers

**Konstruksie Spanleier** | Silver Lakes | 01/10/2026

## Tuisversorger

**AFRIKAANS-SPREKENDE VERSORGER** - MET BAIE LIEFDE TUISTE | Pretoria | Sluitingsdatum: 30/09/2026

## Verkope

**Verkoopspersoneel** - Vuurwapens, Ammunisie & Optika- Safari Outdoor | Gauteng | Sluitingsdatum: 26/09/2026

**TOONBANKVERKOOPSVERTEENWOORDIGER** - ARB Electrical Wholesalers | Midrand | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**EKSTERNE VERKOOPSVERTEENWOORDIGER** - ARB Electrical Wholesalers | Kathu | Sluitingsdatum: 30/09/2026

**Verkoops verteenwoordiger** | Olifantsfontein | 01/10/2026

## Verpleeg

**Geregestreerde Verpleegster** - Rothman Healthcare Solutions | Porterville | Sluitingsdatum: 30/09/2026

## Versekering

**KORTTERMYNVERSEKERING MAKELAAR ADMINISTRATEUR** | Mbombela | 01/10/2026

**Verkoopskonsultant** - Lang-termyn Versekering | Pretoria | 01/10/2026



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# NWU teen UJ in Varsity Netbal-eindstryd

Die NWU Arende sal Maandag hul Varsity Netbal-titel teen die Universiteit van Johannesburg (UJ) in die eindstryd verdedig. Dít nadat die Arende vandeesweek vir Tuks in 'n spannende halfeindstryd in Pretoria geklop het, terwyl UJ ná ekstra tyd in Bloemfontein teen die UV Kovsies geseëvier het.



Die NWU Arende het in hul halfeindstryd teen Tuks diep gedelf om 'n plek in hul tweede agtereenvolgende eindstryd te verseker. Tuks het vroeg met ses doele voorgeloop, maar die Arende het teruggeveg om ná die eerste kwart met 13-12 voor te loop. Die spanne was teen rustyd gelykop op 23 elk, waarna Tuks met 'n skrale 36-35-voorsprong die laaste kwart aangepak het. Die Arende het egter tot die eindfluitjie aanhou veg en uiteindelik met 52-50 geseëvier.

Later die aand het die wedstryd tussen UJ en Kovsies 'n naelbyt-halfeindstryd opgelewer wat ná vier kwarte op 47 elk gelykop was. UJ het teen rustyd met 22-18 voorgeloop en ná drie kwarte 'n 34-32-voorsprong gehad. Die telling was aan die einde van amptelike speeltyd gelykop, wat ekstra tyd genoodsaak het. UJ het in die ekstra 14 minute die balbesit oorheers om die kragmeting met 57-54 te wen en sodoende hul plek teen die Arende in die eindstryd te bespreek.

Die Varsity Netbal-eindstryd vind komende Maandag om 19:00 in die NWU Mahikeng-kampus se Groot Saal plaas.



# Esterhuizen lei Springbokke in Perth


*Andre Esterhuizen*

Die Springbokafrigter, dr. Rassie Erasmus, het feitlik 'n hele nuwe span aangewys vir Sondag se toets teen Australië in Perth. Andre Esterhuizen sal vir die eerste keer as Springbokkaptein uitdraf en word die 68ste speler om Suid-Afrika aan te voer, terwyl Jasper Wiese, wat op die plaasvervangersbank ingesluit is, in sy 50ste toets sal speel.

Erasmus het 13 veranderinge aan die beginspan aangebring ná die oorwinning van 43-28 oor die All Blacks in Baltimore twee weke gelede. Slegs Eben Etzebeth en Ethan Hooker behou hul plekke in die beginspan, terwyl Franco Mostert in sy eerste toets sedert November verlede jaar vir die Bokke te sien sal wees.

Volgens Erasmus bied Australië 'n ander uitdaging as Nieu-Seeland en dat die kombinasies die beste by die Wallabies se speelstyl behoort te pas. Hy het ook Esterhuizen se leierskap geloof nadat hy voorheen die Sharks aangevoer het.

Pieter-Steph du Toit en Damian de Allende is uit die groep gelaat om ná 'n besige tydperk te rus en tyd saam met hul gesinne deur te bring.

Die toets skop Sondagoggend om 11:45, Suid-Afrikaanse tyd, by die Optus-stadion af.

SPRINGBOKS VS Wallabies

## Springbokspan teen Australië in Perth:

1 Jan-Hendrik Wessels, 2 Johan Grobbelaar,
3 Zachary Porthen, 4 Eben Etzebeth,
5 Franco Mostert, 6 Paul de Villiers,
7 Elrigh Louw, 8 Marco van Staden,
9 Herschel Jantjies, 10 Handré Pollard,
11 Ethan Hooker, 12 André Esterhuizen (k),
13 Canan Moodie, 14 Edwill van der Merwe,
15 Aphelele Fassi

## Plaasvervangers:

16 Malcolm Marx, 17 Ox Nché,
18 Wilco Louw, 19 Lood de Jager,
20 Jasper Wiese, 21 Morné van den Berg,
22 Sacha Feinberg-Mngomezulu en 23 Quan Horn



# ROLBAL DAG

**7 Oktober 2026**
**Wingate Park Country Club**
**Kos vir die dag ingesluit**

**R4 000** vir 1 span
**R6 000** vir 2 spanne
**R8 000** vir 3 spanne
'n Span bestaan uit 4 spelers

## Spanboudaggeleentheid vir besighede

**Bring honde- of katkos na Pretoria FM se kantore voor 7 Oktober om 'n verskil te maak.**




# Leinster verdedig titel in Johannesburg

Die 2026/27 Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) skop vanaand af met Benetton wat om 20:45 teen die Dragons in die eerste rondte in aksie te sien sal wees. Die verdedigende kampioen, Leinster, kom môremiddag in Johannesburg teen die 10bet Lions te staan. Dít is 'n herhaling van verlede seisoen se kwarteindstryd, waarin Leinster die Lions uitgeskakel het voordat hulle die titel suksesvol in die eindstryd verdedig het met 'n rekordoorwinning van 36-7 oor die Vodacom Bulls.

Die Lions het verlede seisoen vir die eerste keer die VRK-uitspeelrondtes gehaal en het slegs een keer by Ellispark verloor. Leinster het op hul beurt net een van hul laaste agt wedstryde in Suid-Afrika gewen.

Daar is ook opwindende kragmetings elders in die openingsrondte. Munster kom op Thomond Park teen die Glasgow Warriors te staan, met Glasgow wat die laaste drie kragmetings gewen het. Connacht pak die DHL Stormers in Galway, terwyl die Vodacom Bulls hul veldtog teen Zebre in Italië sal begin. Die Bulls het hul openingswedstryd in elk van die vorige vier seisoene gewen.

Die eerste rondte sluit ook 'n Walliese derby in wanneer Scarlets teen Cardiff Rugby op Parc y Scarlets speel. Cardiff het verlede seisoen vir die eerste keer sedert die 2002/03-seisoen die uitspeelrondte gehaal.




## Rondte 1 VRK-bepalings:

**Vrydag 25 September**
20:45 Benetton Rugby vs. Dragons
20:45 Connacht vs. Stormers
20:45 Ulster vs. Edinburgh

**Saterdag 26 September**
13:30 Lions vs. Leinster
16:00 Sharks vs. Ospreys
18:30 Munster vs. Glasgow Warriors
18:30 Zebre vs. Bulls
20:45 Llanelli Scarlets vs. Cardiff Rugby



# Vroue-Bokke vol moed vir Le Azzurre

Die Springbokvleuel Ayanda Malinga glo dat die Bok-vroue hierdie naweek teen Italië kan herstel nadat hulle verlede naweek met 50-19 teen Wallis vasgeval het.

Dié twee spanne pak mekaar môremiddag om 14:30 Suid-Afrikaanse tyd in Pordenone in hul tweede toets van die WXV-reeks. Die Bok-vroue het Italië verlede jaar met 29-24 in York tydens die Wêreldbeker uitgeskakel, ’n oorwinning wat hulle vir die eerste keer tot die kwarteindrondte laat deurdring het en hulle in die wêreld se toptien geplaas het.

Malinga sê die span onthou steeds dié spesiale oorwinning en het ná die nederlaag teen Wallis verlede naweek met ’n nuwe fokus begin voorberei. Sy verwag dat Italië besonder gemotiveerd sal wees omdat hulle verlede jaar se nederlaag wil wreek.

Melusi Mthethwa, assistentafrigter van die Junior Springbokke, het intussen by die groep aangesluit en sal die hoofafrigters Laurian Johannes-Haupt en Franzel September help met voorbereiding vir die toetse teen Italië en Spanje.





# Briljante Breetzke moker sy tweede EDI-honderdtal

Matthew Breetzke het gister tydens die eerste Eendag Internasionale (EDI)-wedstryd teen Australië op Kingsmead in Durban, 'n uitstekende 112 van 106 balle gemoker om Suid-Afrika na 297/8 te help en die kragmeting met 67 lopies te beklink.

Dit was Breetzke se tweede honderdtal teen Australië en hy het daarmee die hoogste telling deur 'n Suid-Afrikaner in sy eerste 14 EDI's aangeteken. Hy het die Suid-Afrikaanse beurt vroeg gestabiliseer nadat die Proteas ingestuur is om eerste te kolf, en op 29/2 gesteier het.

Breetzke en die kaptein Temba Bavuma het daarna 'n vennootskap van 54 lopies aangeteken. Ná Bavuma se vertrek vir 30 lopies het Breetzke verder saam met Ryan Rickelton (27) en later David Miller (9) gekolf.

Die sleutelvennootskap was egter tussen Breetzke en Marco Jansen. Dié twee het 107 lopies van slegs 81 balle aangeteken, met Jansen wat 'n kragtige 75 van 59 balle geslaan het, insluitend vier sesse. Dit was Jansen se derde EDI-vyftigtal en hy het sy beste telling in dié formaat geëwenaar.

Breetzke het die veld op 112 lopies verlaat nadat hy deur Cooper Connoly uitgehardloop is, terwyl Jansen voortgegaan het om die Proteas na 'n stewige totaal te help.

Vir Australië was Sean Abbott die suksesvolste bouler met 3/57, terwyl Adam Zampa 2/50 geneem het. Die Australiese snelboulers het aanvanklik die Suid-Afrikaanse toporde onder groot druk geplaas op 'n stadige en klam blad.

Australië se jaagtog na 298 het blitsvinnig begin met Mitchell Marsh en Travis Head wat binne die eerste 10 boulbeurte 90 lopies aangeteken het. Marsh was besonder aggressief en het sy vyftigtal van slegs 31 balle behaal, insluitend 'n reuse ses wat 104 meter getrek het.


Keshav Maharaj het egter die momentum gestuit nadat hy vir Marsh vir 50 lopies uitgehaal en sy eerste boulbeurt met uitstekende syfers van 1/13 afgesluit het.

Die Proteas se boulers het daarna geleidelik beheer teruggeneem met Marco Jansen wat vir Head terug kleedkamer toe gestuur het terwyl Corbin Bosch en Bjorn Fortuin ook belangrike paaltjies geneem het. Toe Maharaj Cameron Green en Jack Edwards kort ná mekaar laat uitvang was Australië op 188/6 en het hulle nog 110 lopies van 20.3 beurte benodig.

Matt Renshaw en Mitchell Starc het die Australiese hoop weer laat vlamvat, maar Suid-Afrika het die druk verhoog. Jansen het vervolgens 'n uitstekende eenhand-vangskoot naby die grens van Renshaw geneem wat Australië tot 215/7 laat tuimel het.

Australië het nog 83 lopies van 82 balle benodig, maar die Proteas was stewig in beheer. Bosch het later nog twee paaltjies geneem voordat Maharaj die laaste paaltjie ingepalm het toe Adam Zampa na Matthew Breetzke geslaan het.

Die tweede EDI in die reeks van drie wedstryde, wat ook bekend staan as die Pienkdag vir bewusmaking van borskanker, vind Sondagoggend vanaf 10:00 by die Wanderers Stadion in Johannesburg plaas. Die derde en laaste wedstryd sal op Woensdag 30 September om 13:30 by Senwes Park in Potchefstroom gespeel word.




*Matthew Breetzke nadat hy sy 100 tal aangeteken het*




*Marco Jansen met 'n eenhand-vangskoot vanaf Matt Renshaw*